Government Gazette
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 626 | Cape Town Kaapstad | 02 August 2017 | No. 41018

## THE PRESIDENCY

No. 770 02 August 2017

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 8 of 2017: Judicial Matters Amendment Act, 2017**

## DIE PRESIDENSIE

No. 770 02 Augustus 2017

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No. 8 van 2017: Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2017**

ISSN 1682-5843
9 771682 584003 41018

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

(English text signed by the President)
(Assented to 31 July 2017)

# ACT

**To amend—**

- **the Magistrates' Courts Act, 1944, so as to—**
  - ❖ **further regulate the benefits of magistrates who are required to dispose of proceedings which were not disposed of on vacation of the office of magistrate; and**
  - ❖ **further provide for the appointment of magistrates of regional divisions to adjudicate on civil disputes;**
- **the State Liability Act, 1957, so as to—**
  - ❖ **further regulate the service of court process;**
  - ❖ **further regulate the issuing of writs of execution or warrants of execution by registrars or clerks of the court; and**
  - ❖ **amend certain definitions;**
- **the Administration of Estates Act, 1965, so as to enable the Cabinet member responsible for the administration of justice to make certain regulations regarding persons who may liquidate and distribute deceased estates;**
- **the South African Law Reform Commission Act, 1973, so as to further regulate the constitution of the South African Law Reform Commission;**
- **the Criminal Procedure Act, 1977, so as to—**
  - ❖ **further regulate the prescription of the right to institute prosecutions;**
  - ❖ **further regulate the availability of certain witnesses in criminal proceedings;**
  - ❖ **further regulate the competency or compellability of witnesses to give evidence; and**
  - ❖ **effect technical corrections;**
- **the Attorneys Act, 1979, so as to further regulate the engagement of candidate attorneys;**
- **the Small Claims Courts Act, 1984, so as to give the Rules Board for Courts of Law the power to make rules regulating various aspects in respect of small claims courts;**
- **the Rules Board for Courts of Law Act, 1985, so as to further regulate the constitution of the Rules Board for Courts of Law;**
- **the Sheriffs Act, 1986, so as to—**
  - ❖ **further regulate the appointment of sheriffs;**

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 31 Julie 2017)

# WET

**Tot wysiging van—**

- **die Wet op Landdroshowe, 1944, ten einde—**
  - ❖ **die voordele van landdroste wat oor verrigtinge waaroor ten tyde van die ontruiming van die amp van landdros nog nie beskik was nie moet beskik, verder te reël; en**
  - ❖ **verder voorsiening te maak vir die aanstelling van landdroste van streekafdelings om siviele geskille te bereg;**
- **die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, ten einde—**
  - ❖ **die betekening van prosesstukke verder te reël;**
  - ❖ **die uitreiking van uitwinningslasbriewe of lasbriewe vir eksekusie deur griffiers of klerke van die hof verder te reël; en**
  - ❖ **sekere woordomskrywings te wysig;**
- **die Boedelwet, 1965, ten einde die Kabinetslid verantwoordelik vir die regspleging die bevoegdheid te verleen om regulasies uit te vaardig aangaande persone wat bestorwe boedels mag beredder en verdeel;**
- **die Wet op die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie, 1973, ten einde die samestelling van die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie verder te reël;**
- **die Strafproseswet, 1977, ten einde—**
  - ❖ **die verjaring van die reg om vervolgings in te stel verder te reël;**
  - ❖ **die beskikbaarheid van sekere getuies in strafregtelike verrigtinge verder te reël;**
  - ❖ **die bevoegdheid of verpligbaarheid van getuies om getuienis af te lê verder te reël; en**
  - ❖ **tegniese verbeteringe aan te bring;**
- **die Wet op Prokureurs, 1979, ten einde die indiensneming van kandidaat-prokureurs verder te reël;**
- **die Wet op Howe vir Klein Eise, 1984, ten einde die bevoegdheid aan die Reëlsraad vir Geregshowe te verleen om reëls te maak wat verskeie aspekte aangaande howe vir klein eise reël;**
- **die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985, ten einde die samestelling van die Reëlsraad vir Geregshowe verder te reël;**
- **die Wet op Balju's, 1986, ten einde—**
  - ❖ **die aanstelling van balju's verder te reël;**

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**❖ provide for the transfer of certain moneys in the trust accounts of sheriffs to the Fidelity Fund for Sheriffs;**
**❖ regulate the allocation of areas for sheriffs; and**
**❖ assist certain litigants with the payment of costs for the execution of small claims court judgments;**

- **the Magistrates Act, 1993, so as to—**
  - **❖ effect technical corrections;**
  - **❖ further regulate the composition of the Magistrates Commission; and**
  - **❖ extend the age of retirement of magistrates;**
- **the Criminal Law Amendment Act, 1997, so as to include rape and compelled rape of an older person in Part I of Schedule 2;**
- **the National Prosecuting Authority Act, 1998, so as to provide for the establishment of offices for the prosecuting authority at local seats of Divisions of the High Court;**
- **the Debt Collectors Act, 1998, so as to further regulate the powers of the Council for Debt Collectors;**
- **the Promotion of Access to Information Act, 2000, so as to further regulate the designation and training of presiding officers;**
- **the Promotion of Administrative Justice Act, 2000, so as to further regulate the designation and training of presiding officers;**
- **the Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, 2000, so as to add HIV/AIDS status to the definition of "prohibited grounds" and further regulate the designation and training of presiding officers;**
- **the Institution of Legal Proceedings against certain Organs of State Act, 2002, so as to further regulate—**
  - **❖ the service of notices against organs of state; and**
  - **❖ the service of process against organs of state in accordance with the provisions of the State Liability Act, 1957;**
- **the Children's Act, 2005, so as to effect technical corrections;**
- **the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, so as to further regulate—**
  - **❖ the categories of persons whose particulars must be included in the National Register for Sex Offenders;**
  - **❖ the inclusion of the particulars of convicted persons in the National Register for Sex Offenders; and**
  - **❖ the designation of sexual offences courts;**
- **the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013, so as to effect technical corrections;**
- **the Superior Courts Act, 2013, so as to further regulate the electronic transmission of summonses, writs and other process; and**
- **the Legal Aid South Africa Act, 2014, so as to—**
  - **❖ effect technical corrections; and**
  - **❖ further regulate the term of appointment of members of the Board of Legal Aid South Africa; and**
- **to provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts as follows:—

**Amendment of section 9 of Act 32 of 1944, as amended by section 8 of Act 40 of 1952, section 17 of Act 50 of 1956, section 38 of Act 68 of 1957, section 24 of Act 93 of 1962, section 1 of Act 19 of 1963 and section 1 of Act 48 of 1965, substituted by section 2 of Act 8 of 1967, amended by section 4 of Act 53 of 1970, section 8 of Act 102 of 1972, section 11 of Act 29 of 1974, section 24 of Act 94 of 1974, section 1 of Act 28 of 1981, section 2 of Act 34 of 1986, section 17 of Act 90 of 1993, section 3 of Act 104 of 1996, section 3 of Act 66 of 1998, section 1 of Act 62 of 2000, section 1**

- ❖ **vir die oordrag van sekere gelde in die trustrekings van balju's na die Getrouheidsfonds vir Balju's voorsiening te maak;**
- ❖ **die toewysing van gebiede vir balju's te reël;**
- ❖ **sekere gedingvoerders by te staan met die betaal van kostes vir tenuitvoerlegging van vonnisse van die hof vir klein eise;**

- **die Wet op Landdroste, 1993, ten einde—**
  - ❖ **tegniese regstellings aan te bring;**
  - ❖ **die samestelling van die Landdrostekommissie verder te reël; en**
  - ❖ **landdroste se ouderdom vir aftrede te verhoog;**
- **die Strafregwysigingswet, 1997, ten einde verkragting en gedwonge verkragting van 'n ouer persoon in Deel I van Bylae 2 in te sluit;**
- **die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998, ten einde voorsiening te maak vir die instelling van kantore vir die vervolgingsgesag by plaaslike setels van afdelings van die Hooggeregshof;**
- **die Wet op Skuldinvorderaars, 1998, ten einde die bevoegdhede van die Raad vir Skuldinvorderaars verder te reël;**
- **die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, ten einde die aanwysing en opleiding van voorsittende beamptes verder te reël;**
- **die isiXhosa-teks van die "Promotion of Administrative Justice Act", 2000, ten einde die aanwysing en opleiding van voorsittende beamptes verder te reël;**
- **die isiZulu-teks van die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act", 2000, ten einde MIV/VIGS-status by te voeg by die omskrywing van "yezizathu ezinqatshelwe" ("prohibited grounds") en die aanwysing en opleiding van voorsittende beamptes verder te reël;**
- **die Wet op die Instel van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane, 2002, ten einde—**
  - ❖ **die betekening van kennisgewings op staatsorgane verder te reël; en**
  - ❖ **die betekening van prosesstukke op staatsorgane ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, verder te reël;**
- **die "Children's Act", 2005, ten einde tegniese verbeteringe aan te bring;**
- **die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, ten einde—**
  - ❖ **die kategorieë persone wie se besonderhede in die Nasionale Register vir Seks-oortreders opgeneem moet word verder te reël;**
  - ❖ **die opneem van die besonderhede van veroordeeldes in die Nasionale Register vir Seks-oortreders verder te reël; en**
  - ❖ **die aanwysing vir howe vir seksuele misdrywe verder te reël;**
- **die Siswati-teks van die "Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act", 2013, ten einde tegniese verbeteringe aan te bring;**
- **die Wet op Hoër Howe, 2013, ten einde die elektroniese oorsending van dagvaardings, lasbriewe en ander prosesstukke verder te reël; en**
- **die Sesotho-teks van die "Legal Aid South Africa Act", 2014, ten einde—**
  - ❖ **tegniese verbeteringe aan te bring; en**
  - ❖ **die aanstellingstermyn van lede van die Raad van Regshulp Suid-Afrika verder te reël; en**
- **voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DIE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika verorden, soos volg:—

**Wysiging van artikel 9 van Wet 32 van 1944, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 40 van 1952, artikel 17 van Wet 50 van 1956, artikel 38 van Wet 68 van 1957, artikel 24 van Wet 93 van 1962, artikel 1 van Wet 19 van 1963 en artikel 1 van Wet 48 van 1965, vervang deur artikel 2 van Wet 8 van 1967, gewysig deur artikel 4 van Wet 53 van 1970, artikel 8 van Wet 102 van 1972, artikel 11 van Wet 29 van 1974, artikel 24 van Wet 94 van 1974, artikel 1 van Wet 28 van 1981, artikel 2 van Wet 34 van 1986, artikel 17 van Wet 90 van 1993, artikel 3 van Wet 104 van 1996, artikel 3 van Wet 66 van 1998, artikel 1 van Wet 62 van 2000, artikel 1 van Wet 28 van**

**of Act 28 of 2003, section 1 of Act 22 of 2005, section 3 of Act 31 of 2008, section 1 of Act 19 of 2010 and section 1 of Act 24 of 2015**

**1.** Section 9 of the Magistrates' Courts Act, 1944, is hereby amended by the substitution in subsection (7) for paragraph *(d)* of the following paragraph:

"*(d)* If the magistrate contemplated in paragraph *(a)* has subsequently not been appointed as a Constitutional Court judge or judge as contemplated in paragraph *(c)*, he or she is entitled to such benefits as determined by the Minister from time to time by notice in the *Gazette* **[at an hourly rate]**.".

**Amendment of section 12 of Act 32 of 1944, as amended by section 9 of Act 40 of 1952, section 25 of Act 94 of 1974, section 5 of Act 66 of 1998, section 4 of Act 31 of 2008 and section 3 of Act 19 of 2010**

**2.** Section 12 of the Magistrates' Courts Act, 1944, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) Only a magistrate of a regional division **[whose name appears on the list referred to in subsection (7)]**, designated by the magistrate at the head of a regional division, may adjudicate on civil disputes contemplated in section 29(1) or 29(1B), in accordance with the criteria set out in subsection (8).";

*(b)* by the deletion of subsection (7); and

*(c)* by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) **[The Magistrates Commission]** A magistrate at the head of a regional division may only **[enter the name of]** designate a magistrate **[on the list in terms of subsection (7)]** contemplated in subsection (6), if one or more places have been appointed in terms of section 2(1)*(i*A) within the regional division in respect of which the magistrate in question had been appointed for the adjudication of civil disputes, and—

*(a)* the head of the South African Judicial Education Institute has issued a duly signed certificate that the magistrate has successfully completed an appropriate training course in the adjudication of civil disputes; **[or]**

*(b)* the **[Magistrates Commission]** magistrate at the head of the regional division is satisfied that, before the establishment of the Institute referred to in paragraph *(a)*, the magistrate has successfully completed an appropriate training course in the adjudication of civil disputes; or

*(c)* the **[Magistrates Commission]** magistrate at the head of the regional division is satisfied that the magistrate, on account of previous experience, has suitable knowledge of, and expertise in, civil litigation matters to preside over the adjudication of civil disputes contemplated in section 29(1) or 29(1B) or both sections 29(1) and 29(1B).".

**Substitution of section 2 of Act 20 of 1957, as amended by section 1 of Act 201 of 1993 and substituted by section 1 of Act 14 of 2011**

**3.** The following section is hereby substituted for section 2 of the State Liability Act, 1957:

"**Proceedings to be taken against executive authority of department concerned**

**2.** (1) In any action or other proceedings instituted **[by virtue of the provisions of section 1]** against a department, the executive authority of the department concerned must be cited as nominal defendant or respondent.

(2) The plaintiff or applicant, as the case may be, or his or her legal representative must **[,within seven days]** —

*(a)* after **[a summons or notice]** any court process instituting proceedings and in which the executive authority of a department is cited as nominal defendant or respondent has been issued, serve a copy of that **[summons or notice]** process on the **[State Attorney]** head of the department concerned at the head office of the department; and

**2003, artikel 1 van Wet 22 van 2005, artikel 3 van Wet 31 van 2008, artikel 1 van Wet 19 van 2010 en artikel 1 van Wet 24 van 2015**

**1.** Artikel 9 van die Wet op Landdroshowe, 1944, word hierby gewysig deur in subartikel (7) paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* Indien die landdros beoog in paragraaf *(a)* nie daarna as 'n Konstitusionele Hof regter of regter soos beoog in paragraaf *(c)* aangestel is nie, is hy of sy op sodanige voordele geregtig soos bepaal deur die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant*[**, op 'n uurlikse grondslag**].".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 32 van 1944, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 40 van 1952, artikel 25 van Wet 94 van 1974, artikel 5 van Wet 66 van 1998, artikel 4 van Wet 31 van 2008 en artikel 3 van Wet 19 van 2010**

**2.** Artikel 12 van die Wet op Landdroshowe, 1944, word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Slegs 'n magistraat van 'n streekafdeling **[wie se naam op die lys bedoel in subartikel (7) verskyn]** deur die magistraat aan die hoof van 'n streekafdeling aangewys, kan siviele gedinge beoog in artikel 29(1) of 29(1B), ooreenkomstig die kriteria in subartikel (8) vermeld, bereg.";

*(b)* deur subartikel (7) te skrap; en

*(c)* deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

"(8) **[Die Landdrostekommissie]** 'n Magistraat aan die hoof van 'n streekafdeling mag slegs **[die naam van]** 'n magistraat **[ingevolge subartikel (7) op die lys plaas]** in subartikel (6) beoog, aanwys indien een of meer plekke ingevolge artikel 2(1)(*i*A) bepaal is vir die beregting van siviele gedinge in die streekafdeling ten opsigte waarvan die betrokke magistraat aangestel is, en—

*(a)* die hoof van die Suid-Afrikaanse Regterlike Opleidingsinstituut 'n behoorlik ondertekende sertifikaat uitgereik het dat die magistraat 'n toepaslike opleidingskursus in die beregting van siviele gedinge suksesvol voltooi het; **[of]**

*(b)* die **[Landdrostekommissie]** magistraat aan die hoof van die streekafdeling tevrede is dat, voor die stigting van die Instituut bedoel in paragraaf *(a)*, die magistraat 'n toepaslike opleidingskursus in die beregting van siviele gedinge suksesvol voltooi het; of

*(c)* die **[Landdrostekommissie]** magistraat aan die hoof van die streekafdeling tevrede is dat die magistraat, op grond van vorige ondervinding geskikte kennis van, en kundigheid oor, siviele gedingvoeringaangeleenthede het om voor te sit by die beregting van siviele gedinge beoog in artikel 29(1) of 29(1B) of beide artikels 29(1) en 29(1B).".

**Vervanging van artikel 2 van Wet 20 van 1957, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 201 van 1993 en vervang deur artikel 1 van Wet 14 van 2011**

**3.** Artikel 2 van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Regsgeding moet teen uitvoerende gesag van betrokke departement aanhangig gemaak word**

**2.** (1) In 'n aksie of ander regsgeding **[uit hoofde van die bepalings van artikel 1 ingestel,]** teen 'n departement moet die uitvoerende gesag van die betrokke departement as nominale verweerder of respondent gesiteer word.

(2) Die eiser of applikant, na gelang van die geval, of sy of haar regsverteenwoordiger moet**[, binne sewe dae]**—

*(a)* nadat **['n dagvaarding of kennisgewing]** enige prosesstuk waarby verrigtinge ingestel word en waarin die uitvoerende gesag van 'n departement as nominale verweerder of respondent gesiteer word, uitgereik is, 'n afskrif van daardie **[dagvaarding of kennisgewing]** prosesstuk op die **[Staatsprokureur beteken]** hoof van die betrokke departement by die departement se hoofkantoor beteken; en

*(b)* within five days after the service of the process contemplated in paragraph *(a)*, serve a copy of that process on the office of the State Attorney operating within the area of jurisdiction of the court from which the process was issued.

(3) Upon receipt of the process contemplated in subsection (2), the State Attorney must—

*(a)* without undue delay, send a written request to the head of the department concerned to provide the State Attorney with written instructions regarding the proceedings; and

*(b)* within 10 days of receipt of the process, provide the head of department with legal advice on the merits of the matter.''.

**Amendment of section 3 of Act 20 of 1957, as amended by section 36 of Act 9 of 1989 and substituted by section 2 of Act 201 of 1993 and section 2 of Act 14 of 2011**

**4.** Section 3 of the State Liability Act, 1957, is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

''(6) If the relevant treasury fails to ensure that—

*(a)* the judgment debt is satisfied; or

*(b)* acceptable arrangements have been made with the judgment creditor for the satisfaction of the judgment debt, should there be inadequate funds available in the vote of the department concerned,

within the time period specified in subsection (5), the registrar or clerk of the court concerned, as the case may be, must, upon the written request of the judgement creditor or his or her legal representative, issue a writ of execution or a warrant of execution in terms of the applicable Rules of Court against movable property owned by the State and used by the department concerned: Provided that a writ of execution or a warrant of execution, where a judgment by default was granted against a department, can only be issued by the registrar or clerk of the court if he or she is satisfied that the requirements of subsection (4) have been complied with.''.

**Amendment of section 4A of Act 20 of 1957, as inserted by section 3 of Act 14 of 2011**

**5.** Section 4A of the State Liability Act, 1957, is hereby amended—

*(a)* by the insertion before the definition of ''department'' of the following definition:

'' **'day'** means a day that is not a public holiday, Saturday or Sunday;'';

*(b)* by the insertion before the definition of ''Public Finance Management Act'' of the following definition:

'' **'head of department'** means the incumbent of a post mentioned in Column 2 of Schedule 1, 2 or 3 to the Public Service Act, 1994 (Proclamation 103 of 1994), and includes any employee acting in such post;''; and

*(c)* by the substitution for the definition of ''Rules of Court'' of the following definition:

'' **'Rules of Court'** include—

*(a)* **[the Uniform Rules of Court published under Government Notice R48 of 12 January 1965]** the rules made by the Rules Board for Courts of Law under the provisions of the Rules Board for Courts of Law Act, 1985 (Act No. 107 of 1985), or under the provisions of any other law; and

*(b)* **[the Magistrates' Courts Rules published under Government Notice R740 of 23 August 2010; and**

***(c)*]** any other rule applicable to any other court, established by an Act of Parliament;''.

*(b)* binne vyf dae nadat die prosesstuk in paragraaf *(a)* beoog, beteken is ’n afskrif van daardie prosesstuk aan die kantoor van die Staatsprokureur wat werk in die regsgebied van die hof waarvan die prosesstuk uitgereik is, beteken.

(3) By ontvangs van die prosesstuk in subartikel (2) beoog, moet die Staatsprokureur—

*(a)* sonder onbehoorlike oponthoud, ’n skriftelike versoek aan die betrokke departementshoof stuur om die Staatsprokureur te voorsien van skriftelike instruksies aangaande die verrigtinge; en

*(b)* binne 10 dae vanaf ontvangs van die proses, die departementshoof voorsien van regsadvies oor die meriete van die aangeleentheid.”.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 20 van 1957, soos gewysig deur artikel 36 van Wet 9 van 1989 en vervang deur artikel 2 van Wet 201 van 1993 en artikel 2 van Wet 14 van 2011**

**4.** Artikel 3 van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

“(6) Indien die betrokke tesourie versuim om te verseker dat—

*(a)* aan die vonnisskuld voldoen word; of

*(b)* aanvaarbare reëlings met die vonnisskuldeiser vir die voldoening aan die vonnisskuld getref is, sou daar onvoldoende fondse in die begrotingspos van die betrokke departement beskikbaar wees,

binne die tydperk in subartikel (5) bepaal, moet die griffier of klerk van die betrokke hof, na gelang van die geval, op die skriftelike versoek van die vonnisskuldeiser of sy of haar regsverteenwoordiger, ’n uitwinningslasbrief of ’n lasbrief vir eksekusie ingevolge die toepaslike Hofreëls teen roerende goed wat deur die Staat besit en deur die betrokke departement gebruik word, uitreik: Met dien verstande dat ’n uitwinningslasbrief of ’n lasbrief vir eksekusie, waar ’n vonnis by verstek teen ’n departement toegestaan is, slegs deur die griffier of klerk van die hof uitgereik kan word indien hy of sy oortuig is dat aan die vereistes van subartikel (4) voldoen is.”.

**Wysiging van artikel 4A van Wet 20 van 1957, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 14 van 2011**

**5.** Artikel 4A van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “bewilligingsbegroting” in te voeg:

“ **‘dag’** ’n dag wat nie ’n openbare vakansiedag, Saterdag of Sondag is nie;”;

*(b)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “departement” in te voeg:

“ **‘departementshoof’** die bekleër van ’n pos in Kolom 2 van Bylae 1, 2 of 3 tot die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), vermeld en ook enige werknemer wat in sodanige pos waarneem;”; en

*(c)* deur die omskrywing van “Hofreëls” deur die volgende omskrywing te vervang:

“ **‘Hofreëls’** ook—

*(a)* **[die Eenvormige Hofreëls kragtens Goewermentskennisgewing No. R. 48 van 12 Januarie 1965 gepubliseer]** die reëls deur die Reëlsraad vir Geregshowe gemaak kragtens die bepalings van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985), of kragtens die bepalings van enige ander wet; en

*(b)* **[die Landdroshowereëls kragtens Goewermentskennisgewing No. R. 740 van 23 Augustus 2010 gepubliseer; en**

***(c)*]** enige ander reël van toepassing op enige ander hof by ’n Parlementswet ingestel;”.

**Amendment of section 103 of Act 66 of 1965, as amended by section 46 of Act 97 of 1986 and section 18 of Act 20 of 2001**

**6.** Section 103 of the Administration of Estates Act, 1965, is hereby amended by the insertion in subsection (1) of the following paragraphs after paragraph *(e)*:

"*(e*A*)* prescribing which persons, including juristic persons, are prohibited from liquidating or distributing a deceased estate;

*(e*B*)* prescribing any exemptions from the prohibition contemplated in paragraph *(e*A*)*, which exemptions may be permanent or to the extent specified in each case;".

**Amendment of section 3 of Act 19 of 1973, as amended by section 1 of Act 85 of 1984, section 4 of Act 42 of 2001 and section 6 of Act 55 of 2002**

**7.** Section 3 of the South African Law Reform Commission Act, 1973, is hereby amended by the substitution in subsection (1)*(a)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

"(i) A judge of the Constitutional Court, the Supreme Court of Appeal or **[a]** the High Court, or a judge who held the office of judge of the Constitutional Court, the Supreme Court of Appeal or the High Court and who is discharged from active service in terms of section 3 of the Judges' Remuneration and Conditions of Employment Act, 2001 (Act No. 47 of 2001), as chairperson; and".

**Amendment of section 18 of Act 51 of 1977, as substituted by section 27 of Act 105 of 1997, amended by section 39 of Act 27 of 2002, substituted by section 68 of Act 32 of 2007 and amended by section 48 of Act 7 of 2013**

**8.** Section 18 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraphs *(f)* to *(h)* of the following paragraph, respectively:

"*(f)* rape or compelled rape as contemplated in **[sections]** section 3 or 4 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, respectively;

*(g)* **[the crime of]** genocide, crimes against humanity and war crimes, as contemplated in section 4 of the Implementation of the Rome Statute of the International Criminal Court Act, 2002; **[or]**

*(h)* **[offences as provided for in]** any contravention of section 4, 5 **[and]** or 7 and involvement in these offences as provided for in section 10 of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013 (Act No. 7 of 2013); **[or]**";

*(b)* by the insertion of the following paragraph after paragraph *(h)*:

"*(h*A*)* trafficking in persons for sexual purposes by a person as contemplated in section 71(1) or (2) of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007;";

*(c)* by the substitution for the comma at the end of paragraph (i) of the expression "; or"; and

*(d)* by the addition of the following paragraph:

"*(j)* torture as contemplated in section 4(1) and (2) of the Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 2013 (Act No. 13 of 2013),".

**Amendment of section 184 of Act 51 of 1977, as amended by section 3 of Act 126 of 1992**

**9.** Section 184 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Whenever any person is likely to give material evidence in criminal proceedings **[with reference to any offence, other than an offence referred to in Part III of Schedule 2]**, any magistrate, regional magistrate or judge of the court

**Wysiging van artikel 103 van Wet 66 van 1965, soos gewysig deur artikel 46 van Wet 97 van 1986 en artikel 18 van Wet 20 van 2001**

**6.** Artikel 103 van die Boedelwet, 1965, word hierby gewysig deur die volgende paragrawe na paragraaf *(e)* in subartikel (1) in te voeg:

"*(e*A*)* wat voorskryf watter persone, ook regspersone, verbied word om 'n bestorwe boedel te beredder of te verdeel;

*(e*B*)* wat enige vrystelling van die verbod beoog in paragraaf *(e*A*)* voorskryf, welke vrystellings permanent of tot die mate in elke geval vasgestel, kan wees;".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 19 van 1973, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 85 van 1984, artikel 4 van Wet 42 van 2001 en artikel 6 van Wet 55 van 2002**

**7.** Artikel 3 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie, 1973, word hierby gewysig deur in subartikel (1)*(a)* subparagraaf (i) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) Regter van die Konstitusionele Hof, die Hoogste Hof van Appèl of **['n Hoë Hof]** die Hooggeregshof, of 'n regter wat die amp van regter van die Konstitusionele Hof, die Hoogste Hof van Appèl of die Hooggeregshof beklee het en wat ingevolge artikel 3 van die Wet op Besoldiging en Diensvoorwaardes van Regters, 2001 (Wet No. 47 van 2001), van aktiewe diens onthef is, as voorsitter; en".

**Wysiging van artikel 18 van Wet 51 van 1977, soos vervang deur artikel 27 van Wet 105 van 1997, gewysig deur artikel 39 van Wet 27 van 2002 en vervang deur artikel 68 van Wet 32 van 2007**

**8.** Artikel 18 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragrawe *(g)* en *(h)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(g)* **[die misdaad van]** volksmoord, misdade teen die mensdom en oorlogsmisdade, soos beoog in artikel 4 van die Wet op die Implementering van die Statuut van Rome oor die Internasionale Strafhof, 2002;

*(h)* **[mensehandel vir seksuele doeleindes deur iemand soos in artikel 71(1) of (2) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, beoog]** enige oortreding van artikel 4, 5 of 7 en betrokkenheid by hierdie misdrywe soos voor voorsiening gemaak in artikel 10 van die 'Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act', 2013 (Wet No. 7 van 2013);";

*(b)* deur die volgende paragraaf na paragraaf *(h)* in te voeg:

"*(h*A*)* mensehandel vir seksuele doeleindes deur iemand soos in artikel 71(1) of (2) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, beoog;";

*(c)* deur die komma aan die einde van paragraaf *(i)* deur die uitdrukking "; of" te vervang; en

*(d)* deur die volgende paragraaf by te voeg:

"*(j)* marteling soos beoog in artikel 4(1) en (2) van die 'Prevention and Combating of Torture of Persons Act', 2013 (Wet No. 13 van 2013),".

**Wysiging van artikel 184 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 126 van 1992**

**9.** Artikel 184 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Wanneer iemand waarskynlik wesenlike getuienis by strafregtelike verrigtinge **[met betrekking tot 'n ander as 'n in Deel III van Bylae 2 bedoelde misdryf]** sal kan aflê, kan 'n landdros, streeklanddros of regter van die hof waarin

before which the relevant proceedings are pending may, upon information in writing and on oath that such person is about to abscond, issue a warrant for his or her arrest.''.

**Insertion of section 194A in Act 51 of 1977**

**10.** The following section is hereby inserted in the Criminal Procedure Act, 1977, after section 194:

''**Evaluation of competency of witnesses due to state of mind**

**194A.** (1) For purposes of section 193, whenever a court is required to decide on the competency of a witness due to his or her state of mind, as contemplated in section 194, the court may, when it deems it necessary in the interests of justice and with due consideration to the circumstances of the witness, and on such terms and conditions as the court may decide, order that the witness be examined by a medical practitioner, a psychiatrist or clinical psychologist designated by the court, who must furnish the court with a report on the competency of the witness to give evidence.

(2) A medical practitioner, psychiatrist or clinical psychologist designated by the court in terms of subsection (1) who is not in the full-time service of the State, must be compensated for his or her services in connection with the enquiry from public funds in accordance with a tariff determined by the Minister in consultation with the Cabinet member responsible for national financial matters.

(3) If the contents of a report contemplated in subsection (1) are not disputed, the report is admissible as evidence on its production.''.

**Substitution of heading of Part III of Schedule 2 to Act 51 of 1977**

**11.** The following heading is hereby substituted for the heading to Part III of Schedule 2 to the Criminal Procedure Act, 1977:

''***PART III***

(Sections 59, **[61,]** 72, **[184,]** 185, 189)''.

**Amendment of Schedule 5 to Act 51 of 1977, as added by section 14 of Act 75 of 1995, substituted by section 9 of Act 85 of 1997, amended by section 36 of Act 12 of 2004 and section 27 of Act 33 of 2004, substituted by section 68 of Act 32 of 2007 and amended by section 48 of Act 7 of 2013**

**12.** Schedule 5 to the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended by the substitution for the item ''**[Offences as provided for in section 4, 5, 7 and 9(1) and involvement in these offences as provided for in section 10 of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013.]**'' of the following item:

''Any offence referred to in sections 5, 6, 7, 8(1) and 23 and involvement in these offences as provided for in section 10 of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013.''.

**Amendment of Schedule 6 to Act 51 of 1977, as added by section 10 of Act 85 of 1997, amended by section 27 of Act 33 of 2004, substituted by section 68 of Act 32 of 2007 and amended by section 48 of Act 7 of 2013**

**13.** Schedule 6 to the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended by the substitution for the item ''**[Offences as provided for in section 4, 5 and 7 and involvement in these offences as provided for in section 10 of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013.]**'' of the following item:

''Any offence referred to in section 4 and involvement in these offences as provided for in section 10 of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013.''.

die betrokke verrigtinge hangende is, op skriftelike inligting onder eed dat bedoelde persoon op die punt staan om te vlug, 'n lasbrief vir sy of haar inhegtenisneming uitreik.''.

**Invoeging van artikel 194A in Wet 51 van 1977**

**10.** Die volgende artikel word hierby na artikel 194 in die Strafproseswet, 1977, ingevoeg:

''**Evaluasie van bevoegdheid van getuies op grond van geestestoestand**

**194A.** (1) By die toepassing van artikel 193, wanneer ook al van 'n hof vereis word om oor die bevoegdheid van 'n getuie weens sy of haar geestestoestand te beslis, soos in artikel 194 beoog, kan die hof, wanneer die hof dit in die belang van geregtigheid nodig ag en met behoorlike inagneming van die getuie se omstandighede, en op die bedinge en voorwaardes wat die hof bepaal, gelas dat die getuie deur 'n mediese praktisyn, 'n psigiater of kliniese sielkundige deur die hof aangewys, ondersoek word, wat die hof moet voorsien van 'n verslag oor die getuie se bevoegdheid om getuienis te lewer.

(2) n Mediese praktisyn, psigiater of kliniese sielkundige ingevolge subartikel (1) deur die hof aangewys wat nie heeltyds in diens van die Staat is nie, moet vir sy of haar dienste in verband met die ondersoek vergoed word uit openbare fondse ingevolge 'n tarief deur die Minister in oorleg met die Kabinetslid verantwoordelik vir nasionale finansiële aangeleenthede, bepaal.

(3) Indien die inhoud van 'n verslag in subartikel (1) beoog nie betwis word nie, is die verslag by voorlegging as getuienis toelaatbaar.''.

**Vervanging van opskrif van Deel III van Bylae 2 tot Wet 51 van 1977**

**11.** Die opskrif van Deel III van Bylae 2 tot die Strafproseswet, 1977, word hierby deur die volgende opskrif vervang:

''***DEEL III***

(Artikels 59, **[61,]** 72, **[184,]** 185, 189)''.

**Wysiging van Bylae 5 tot Wet 51 van 1977, soos bygevoeg deur artikel 14 van Wet 75 van 1995, vervang deur artikel 9 van Wet 85 van 1997, gewysig deur artikel 36 van Wet 12 van 2004 en artikel 27 van Wet 33 van 2004 en vervang deur artikel 68 van Wet 32 van 2007**

**12.** Bylae 5 tot die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig deur die volgende item aan die einde van die Bylae by te voeg:

''Enige misdryf bedoel in artikels 5, 6, 7, 8(1) en 23 en betrokkenheid by hierdie misdrywe soos in artikel 10 van die 'Prevention of Trafficking in Persons Act', 2013, voor voorsiening gemaak.''.

**Wysiging van Bylae 6 tot Wet 51 van 1977, soos bygevoeg deur artikel 10 van Wet 85 van 1997, gewysig deur artikel 27 van Wet 33 van 2004 en vervang deur artikel 68 van Wet 32 van 2007**

**13.** Bylae 6 tot die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig deur die volgende item by te voeg:

'' Enige misdryf in artikel 4 bedoel en betrokkenheid by hierdie misdrywe soos in artikel 10 van die 'Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act', 2013, voor voorsiening gemaak.''.

**Amendment of section 3 of Act 53 of 1979, as amended by section 2 of Act 108 of 1984, substituted by section 2 of Act 87 of 1989, amended by section 2 of Act 102 of 1991, section 18 of Act 66 of 2008, section 25 of Act 39 of 2014 and section 3 of Act 40 of 2014**

**14.** Section 3 of the Attorneys Act, 1979, is hereby amended by the substitution in paragraph *(i)* of subsection (1) for the words preceding the subparagraph of the following words:

"who has, save where he or she has already qualified to engage or retain a candidate attorney as contemplated in paragraph *(j)*—".

**Amendment of section 25 of Act 61 of 1984**

**15.** Section 25 of the Small Claims Courts Act, 1984, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:

"**Power of [Minister] Rules Board for Courts of Law to make rules**";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Rules Board for Courts of Law established by section 2 of the Rules Board for Courts of Law Act, 1985 (Act No. 107 of 1985), may, subject to the approval of the Minister **[may]** make, amend or repeal rules regulating the following matters in respect of small claims courts:";

*(c)* by the insertion of the word "or" at the end of paragraph *(d)*; and

*(d)* by the substitution for paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e)* any other matter which **[he may consider]** is necessary or expedient to prescribe for carrying out the provisions of this Act or the attainment of its objects.".

**Amendment of section 3 of Act 107 of 1985, as amended by section 2 of Act 77 of 1989, section 22 of Act 62 of 2000 and section 9 of Act 42 of 2001**

**16.** Section 3 of the Rules Board for Courts of Law Act, 1985, is hereby amended—

